NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Webblad:** http://www.noordsin.co.za
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings skakel:* ***062-6561521****, of stuur 'n epos na: badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg:** *Besprekings word nou hanteer deur: Anvie Ventures, info@anvieventures.co.za, 044 696 6585*
  - *Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

11 Junie 2019
Nr 19/2019

KENNISGEWING: Die volgende uitgawe van Verskil verskyn op *11 Julie*.

Warmnuus

Algemene Sinode: Afvaardiging

Kliek hier vir die aangehegte naamlys van die leraars en kerkraadslede wat Noordelike sinode tydens dié sitting van die Algemene Sinode gedurende ***6-11 Oktober*** in Benoni gaan verteenwoordig.

Nuwe *Kerkbode*-app 'n hupstoot op Bybel-Media se transformasiepad

Kerkbode is deesdae ewe tuis op die virtuele rakke van die digitale wêreld se app-winkels as in die voorportale van byna 400 gemeentes wat getrou inteken op die koerant se gedrukte weergawe.
Ons weet *Kerkbode*-lesers wil, tesame met die lekkerlees-ervaring van die papierkoerant wat 18 keer per jaar verskyn, ook deur die week op hoogte bly van vuurwarm kerknuus en die jongste vakatures. As volwaardige multiplatform-kerknuusdiens is dit ons doel om aan daardie behoefte te voldoen. Daarom is ons opgewonde-trots oor die nuwe *Kerkbode*-app. [Lees hier verder…]

Sinodenuus

Taakspan Jeug: DinkJeugNoord Gespreksgeleentheid

- **Tema:** Tweak +
- **Plek**: AcaDeo (Bela-Bela)
- **Datum:** ***2 September 2019***
- **Inligting** volg later… dagboek solank hierdie datum!

Bybellees met 'n verskil

Die **volgende byeenkoms** vind om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas:
- ***11 Junie****:* Spreuke 8
- ***18 Junie:*** *Inligting word later deurgegee*
- ***25 Junie:*** 2 Konings 2

Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

❖ **Survivorkamp: vir alle graad 8 en 9's te Badseloop)**
Datum: ***17 Junie tot 21 Junie***
★ **Kliek hier** vir die volledige **inligting** asook vir die **inskrywingsvorm**.

❖ **Excelsus kursusse: Junie en Julie**
10–12 Junie: Sertifikaat in Bedieningsvernuwing – *Kursus gerig op predikante in die middelfase van hulle bediening* Module 8: Oor erediens en prediking – hoe ons die storie van die evangelie glo, vier en vertel [3e groep] **30 VBO-punte**.
16-17 Julie: Daar is lewe vóór én ná aftrede
23-25 Julie: Sertifikaat in Bedieningsontwikkeling
30-1/08 Julie: Sertifikaat in Bedieningsvernuwing
[**Kliek hier vir die volledige inligting asook vir die res van die jaar se programme**] - **Navrae**: Rika van Rensburg by 012-420 6738 of excelsus@up.ac.za.

❖ **Het jy al gehoor?**
Nuwe behuising vir seniors
Die eerste drie wooneenhede by *AcaDeo* (voorheen Emmarentia Geldenhuys kampterrein) buite Bela-Bela, is voltooi.
[**Kliek hier vir volledige inligting**]

Kolleganuus

❖ **Beroepe**
Petro Jonker (proponent) is beroep na **Rietfontein-Suid**.
Madelein Strydom [Villieria-Echo] is beroep na **Hulp en Hoop** in 'n termynpos.
Ryno Hurn [Krokodilrivier] het die beroep na **Valhalla** aanvaar en sy afskeid vind op ***30 Junie*** plaas.

❖ **Ordening/bevestiging**:

Antje du Plessis is op ***2 Junie*** in Brits georden. Antje is is die eggenoot van Frans du Plessis. Sy is in Duitsland gebore en getoë waar haar pa steeds predikant is. Haar ouers kon nie by haar bevestiging wees nie, maar haar pa het sy toga, wat Antje op die foto dra, vir haar geskenk. Antje is as tentmaker by Brits bevestig en is ook werksaam by Vision of Hope.

Trix Trutor is op ***19 Mei*** in Marikana bevestig as brugleraar. Trix het sy bediening op Witbank begin en daarna was hy op Barberton en Graaff-Reinet waar hy geëmeriteer het. Trix het op Graaff-Reinet 'n besondere rol gespeel in die eenwording van die die twee gemeentes op Graaff-Reinet na meer as 90 jaar.

Foto: Trix en Daleen Trutor

❖ **Afskeid**
Leon van Heerden (Rietfontein-Suid) se afskeid vind op Sondag ***23 Junie*** plaas.

❖ **Verjaarsdagwense:** *Hartlik geluk aan die volgende persone:*
11/06 *Hennie Pieterse* [Emeritus, pietehjc@absamail.co.za]
Willie Botha [Emeritus, 082 573 2690, williebotha39@gmail.com]
12/06 *Francois Esterhuizen* [Raslouw, 082 786 9674, francoisest@xsinet.co.za]
13/06 *Gerrit Cloete* [Emeritus, 082 334 8641, gerritsinode@gmail.com]
Johan Jooste [Emeritus, 072 555 0300, johanmjooste@gmail.com]
14/06 *Pieter de Wet* [Wespoort, 082 475 7944, pwdewet@live.com]
Heinrich Carstens [Overkruin, 083 566 1490, heinrich.carstens@icloud.com]
Pieter Viljoen [Doornpoort, 082 853 8371, viljoen.pa@gmail.com]
Willus Knipe [Emeritus, 082 447 1297, willus.knipe@gmail.com]
17/06 *Johan Olivier* [Magalieskruin, 082 979 6552, dotja@telkomsa.net]

Kobie Breedt [Emeritus, 082 452 8908, kobiebreedt@gmail.com]
Willem Preller [Emeritus, 076 054 5436, drwplpreller@gmail.com]
18/06 *Willem Kritzinger* [Emeritus, 082 417 1989, willemkritz@gmail.com]
Arno Meiring [Universiteitsoord, 082 807 4530, arno@universiteitsoord.co.za]
21/06 *Driaan Britz* [Pierneefrant, 083 232 4706, driaan@pierneefrant.co.za]
22/06 *Jaco Putter* [Pietersburg-Noord, 082 563 1616, putterjj@msn.com]
Landi Botha [Mootvallei, 079 182 2387, dslandibotha@gmail.com]
24/06 *Fanie Joubert* [Emeritus, 073 894 0725, jmcjoubert@gmail.com]
28/06 *Jannie du Plessis* [Emeritus, 082 603 2863, dupja@lantic.net]
Eddie de Waal [Daspoort, 076 604 9177, eldugar@gmail.com]
29/06 *Tienie Bosman* [Suidoos-Pretoria, 083 627 5086, tienie@stellastraat.co.za]
Attie van Niekerk [Emeritus, 082 856 1942, attievn@gmail.com]

****

15/06 *Edith Myburgh* [Wierdapark, 012-654 3196, canismyburgh@gmail.com]
28/06 *Riana Burger* [Rietfontein-Noord, 079 524 3864, ekfrans@gmail.com]
29/06 *Anneke Steyn* [Rustenburg-Suid, 082 851 7310, riaan-steyn@lantic.net]
30/06 *Lindy Bootha* [Magalieskruin, 082 786 4834, priester79@gmail.com]
Lourens Grobler [Pierneef, 076 841 1568, paullet@ngkpierneef.co.za]

Gemeentenuus

❖ Verjaarsdae: *Baie geluk!*

Waterkloofrif [Gestig 11/06/1984]
Waterberg [Gestig 14/06/1860]
Capital Park-Concordia [Gestig 16/06/1941]
Zambia [Gestig 16/06/1919]
Naboomspruit [Gestig 17/06/1939]
Groenkloof [Gestig 19/06/1953]
Dalunie [Gestig 20/06/1928]
Booysen [Gestig 23/06/1950]
Wonderboompoort [Gestig 24/06/1950]
Sanddrift [Gestig 24/06/1944]
Ellisras-Wes [Gestig 25/06/1980]
Rietfontein-Noord [Gestig 27/06/1952]
Waverley [Gestig 28/06/1952]

❖ Monumentpark: Excel beginnerskursus - *ten bate van MonCare en die Gemeente Monumentpark*

Datum: Maandag ***24 Junie*** van 8:00 tot 13:00
Plek: Jeugsaal NG Gemeente Monumentpark – Ingang by Hek 2
Koste: R650.00
Bring jou eie skootrekenaar met MS Office geïnstalleer met Excel saam. Opleiding deur gesoute professionele persone.

➢ **Indien jy belangstel**: Kontak die gemeentekantoor by 012 460 5109 of nelmarie@ngkmp.co.za.

❖ Mootvallei: Pretweek vir laerskoolkinders - Kinderkerk; Boeresport; Gesigverf; Buite-speel; Sport ens.

Waar: Hier by die gemeente! Ons voorsien ontbyt en middagete, veilige toesig, noodhulp en vriendelike personeel!
Wanneer: Maandag ***1 Julie tot*** Woensdag ***3 Julie*** – 08:00-14:00
Wat moet jy saambring? R50 per kind vir die hele Pretweek.
Wie moet jy bel? Sê vir Jan-Mari (071 687 0357) of ds Landi (079 182 2387) as jy wil kom – NB kinders moet voor die tyd inskryf!
Skenkings vir die projek is altyd welkom! Kontak asb die kantoor by 012 335 0611.

❖ Daspoort: Expo 2019

Wanneer en waar: ***6 Julie*** by Laerskool Generaal Nicolaas Smit.
Navrae: Kontak Marlene by 083 462 6958

❖ Brits

Dames/Mansoggend - *Droom en floreer saam met Philip en Lurianne Moolman*
Datum: ***6 Julie*** – 09:30 vir 10:00
Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

Basaar
Baba en kleuter fotokompetisie met ongelooflike pryse om te wen; Tombola tafel; Hondevertoning; Fear Factor; Varkievang; Bak en brou en nog vele meer!!!
Datum: ***29 Junie*** – Vanaf 11:00
Navrae: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

Aarbeifees
Datum: ***30 & 31 Augustus*** – 09:30 vir 10:00
Bespreek: 012-252 1160 / ngbrits@mweb.co.za.

- **Waverley-Oos: Wynveiling**
  Datum: ***26 Julie*** om 17:00
  Koste: R120 per persoon - Kaartjie sluit maaltyd en tafelwyn in.
  Kom geniet die aand saam met ons.
  Vir meer inligting skakel 012-332 1951.

Ander nuus

- **Projek RampUp** – **Werkswinkel**: ***22-26 Julie 2019***
  Hoewel persone met gestremdheid gretig is om aktief aan kerklike aktiwiteite deel te neem, word hulle dikwels weens verskeie redes uitgesluit.
  Projek RampUp bied 'n werkswinkel aan vir besorgde kerklidmate wat gemotiveerd is om 'n positiewe verskil rakende hierdie uitdaging te maak. **[Lees hier meer...]**

- **Nuusbriewe**
  Bybel-Media
  Lees in die nuusbrief meer oor die **Kerkbode** van 14 Junie (*Het jy al die nuwe Kerkbode-app afgelaai?), die* **Julie-uitgawe van LiG** met Andriëtte op die voorblad en oor die **jongste Bybelkor-publikasie**: "Openbaring – 'n Hemelse evangelie". [**Kliek hier…**]
  Inligting en navrae: Skakel 0860263342 óf 021-8648210 / e-pos bestel@bmedia.co.za.

CLF: Selfpublikasiediens aan skrywers
Barnabas Uitgewers, 'n afdeling van Christelike Lektuurfonds bied geruime tyd reeds 'n selfpublikasiediens aan skrywers. Enige persoon wat nog altyd graag sy/haar manuskrip wou laat publiseer, maar nie weet hoe om te werk te gaan nie, kan nou die volledige projek deur Barnabas Uitgewers laat doen. Daar is soveel kosbare verhale van gemeentes of lewensverhale van uitsonderlike sendingwerkers en staaltjies in die bediening wat vertel moet word! Die diens sluit redigering, bladuitleg en druk van 'n ooreengekome aantal boeke in. Stuur jou manuskrip na of rig enige navrae aan publisher@clf.co.za.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Almal wat gedurende hierdie tyd koud slaap en/of honger is [Projek WinterHoop].
- Almal wat gedurende die vakansietyd op die pad is.
- Ekonomiese uitdagings in ons land.

Proponente en ander vakatures

- **UP Fakulteit Teologie**:
  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2016**
    Eddie Brown [082 305 3972, malmaneddie@gmail.com]
    Berenice Esterhuyzen [072 794 5928, aesterhuyzen@clinix.co.za]

  - ★ **Gelegitimeerde proponente 2017**
    Jeanri Bezuidenhout [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]

★ **Gelegitimeerde proponent 2018**
Freddie de Lange [071 483 8798, freddiedelange@yahoo.com]
Marthiens Heymans [heymarthiens@gmail.com]
Chris Jacobs [076 793 0233, chrisfjacobs@gmail.com]
Nienke Kemm [079 515 4156, Nienke.kemm@gmail.com]
Erick Mulder [076 253 5825, mulder.erick@gmail.com]
Natalie-Ann van Deventer [076 187 7249, natsvd8@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**
Gerhard Bothma [082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]
Jan Cloete [083 232 8708, jancloete26@telkomsa.net]
Ernst Muller [082-656-1107, gaius117@gmail.com]
Bertus Olivier [082 224 6242, oli4@axxess.co.za]
Ockie Raubenheimer [076 155 0929, raubenheimer.ockie@gmail.com - Ook beskikbaar vir aflos gemeentebediening]
André Smuts [072 148 6718, sasmuts@gmail.com]
Lizette Viviers [082 451 4049, lizetviviers@gmail.com]

Ten slotte

'n Tongknoper…

BYLAES

Afgevaardigdes na die Algemene Sinode 2019
Finale lys

Leraars
Benadé, MJ (Tinus)
Bezuidenhout, JM (Hannes)
Botha, JA (Jan)
Cronjé, SI (Fanie)
Grobler, PJ (Paul)
Janse van Vuuren, C (Christo)
Kirkpatrick, JD (James)
Kriek, TR (Theuns)
Nel, AS (Attie)
Ungerer, (Dewyk)
Van Niekerk, (Marinda)
Wildenboer, (Johan)

Kerkraadslede
Brand, C (Coenie)
Brynard, PA (Pieter)
Du Toit, CJ (Corinus)
Kruidenier, CM (Retha)
Malan, G (Gerhard)
Moolman, PL (Petrus)
Nel, M (Malan)
Oosthuizen, L (Leon)
Schreuder, HA (Amos)
Smal, AJ (Andries)
Van Heerden, SW (Willie)

Waarnemers
De Lange, J (Jana)
Van Niekerk, W (Wynand)

Saakgelastigde
Kruger, JB (Johan)

Terug

Nuwe *Kerkbode*-app 'n hupstoot op Bybel-Media se transformasiepad

Kerkbode is deesdae ewe tuis op die virtuele rakke van die digitale wêreld se app-winkels as in die voorportale van byna 400 gemeentes wat getrou inteken op die koerant se gedrukte weergawe.
Ons weet *Kerkbode*-lesers wil, tesame met die lekkerlees-ervaring van die papierkoerant wat 18 keer per jaar verskyn, ook deur die week op hoogte bly van vuurwarm kerknuus en die jongste vakatures. As volwaardige multiplatform-kerknuusdiens is dit ons doel om aan daardie behoefte te voldoen. Daarom is ons opgewonde-trots oor die nuwe *Kerkbode*-app.
"*Kerkbode* het die voordeel dat, hoewel ons 'n klein redaksionele span is, ons wel die vaardighede en hulpbronne in die groter Bybel-Media tot ons beskikking het, om 'n wêreldklas-app soos dié aan ons lesers te kan bied," sê Le Roux Schoeman, die redakteur van *Kerkbode*.
Die nuwe weergawe is sedert Mei 2019 vir Android- en Apple-gebruikers beskikbaar. Die

spog-eienskappe is nie net oppervlak-dinge soos 'n "skoner" aanbieding of die funksionaliteit om regstreekse beriggewing vanaf, byvoorbeeld sinodesittings, te kan huisves nie. *Kerkbode* se tegnologie-hoof, ds Lenois Stander van Bybel-Media, het diep en hard gaan dink oor hoe 'n mens inhoud herrangskik vir navigasie binne die klein skermpies waarop 70% van ons digitale gehoor deesdae ons inhoud inneem. "Dit was 'n lekker uitdaging," het Lenois gesê. "Die vroeë aanduiding is dat daar later vanjaar meer as 2 000 gebruikers van die app sal wees. Dis 'n stewige aanvulling tot ons reeds meer as 20 000 maandelikse unieke gebruikers op www.kerkbode.co.za," sê Lenois.
Om die app af te laai, besoek www.kerkbode.co.za en volg die skakel na die app-winkel in die regterkolom van die tuisblad.

Terug

Werkswinkel – Disability Inclusion Facilitators for Churches
Projek RampUp - Vir die insluiting van gestremdes in geloofsgemeenskappe

Hoewel persone met gestremdheid gretig is om aktief aan kerklike aktiwiteite deel te neem, word hulle dikwels weens verskeie redes uitgesluit.

Projek RampUp bied 'n werkswinkel aan vir besorgde kerklidmate wat gemotiveerd is om 'n positiewe verskil rakende hierdie uitdaging te maak.

Ons nooi jou uit om bywoning te oorweeg indien:

- jy 'n spesifieke belangstelling het in persone met gestremdheid sowel as hulle insluiting in die kerk
- jy self 'n persoon met gestremdheid is of 'n vriend of familielid van so 'n persoon
- as jy gemotiveerd is om hierdie saak aan te spreek en in staat is om invloed uit te oefen in jou kerklike kringe
- jy Engels magtig is (die werkswinkel word in Engels aangebied)

Die werkswinkel vind plaas by *Padre Pio Retraite Sentrum*, Elarduspark, Pretoria en daar sal van kursusgangers verwag word om by die sentrum te oornag vir die volle duur van die kursus.

Teken solank die datums in jou dagboek aan: 22–26 Julie 2019, en hou toekomstige nuus dop vir verdere inligting. **Kontak** ons by: www.rampup.co.za / Erna Möller [erna@tlm.co.za; 012 345 4915; 082 731 9857]

Terug